

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
7 Mei 1978

Onderwerp: Die Gees en die toekoms
Pinksterdiens 4

Lees: Romeine 8 verse 18 tot 30

Teks: Romeine 8 verse 18 tot 30

Sing: Psalm 84 vers 6
Gesang 52 verse 7 en 11

“Gemeente van die HERE, vind u dit ook vreemd dat ons skielik vanaand van lyding hoor. Hoe pas dit by die vorige drie aande? Toe het ons gehoor van oordeel wat verby is; dat die Gees ons vry gemaak het van die mag van die sonde; dat ons onder die heerskappy van die Gees lewe; en vrede ontvang omdat ons ou lewe beëindig is. Watter heerlike klanke was dit in ons ore. Ons is kinders van God. Ons sal saam met Jesus Christus erf.

“En nou skielik lyding, gesug, verlange en barensood. Hoe pas dit by die vreugde van die eerste deel van hoofstuk 8? Het ons dan nou met ’n ander Heilige Gees te doen?

“Nee, ons het nou met ’n ander deel van die werk van die Heilige Gees te doen. Dit is om ons te laat verlang na dit wat nog moet kom. Onthou u nog vers 10 en 11 van eergisteraand? Vers 10 het vir ons vertel wat die Heilige Gees hier en nou by ons lewens indra. Hy beëindig die ou lewe en gee ons ’n nuwe lewe. En vers 11 belooft dat die Heilige Gees ons in die toekoms nog uit die dood sal opwek.

“Broers en Susters, dit is die Heilige Gees wat ons in afwagting hierop laat sug en selfs lyding laat ervaar. Dit kom treffend na vore in vers 22 en 23: ‘Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eersteling van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, *naamlik* die verlossing van ons liggaam.’

“Hier word die Heilige Gees en ons lyding direk aanmekaar verbind. Hier hoor ons dat ons wat die Gees ontvang het, sug in afwagting. ’n Mens sou byna kon sê: die Gees laat ons sug. Waarom? Omdat die Gees ons al reeds iets gegee het. ’n Nuwe lewe, ’n lewe in vrede en

dit dien as aptytwekker wat ons laat verlang na die volle erfenis. Ons sug en verlang na wat die Gees nog vir ons in die toekoms gaan doen: die opwekking uit die dood, die verheerliking en die openlike aanneming as kinders van God.

“’n Ongelowige beleef hierdie verlange nie. Daarom beleef ’n ongelowige lyding ook anders. In die lyding van siekte, armoede, ensovoorts, berus hulle want hulle sê: jy kan tog niks daaraan doen nie. Só sê hulle vir mekaar as ’n dierbare gesterf het, óf as hulle van die dokter hoor van ’n ongeneeslike kwaal.

“Maar die kinders van God, wat die Evangelie verstaan, ken hierdie soort berusting nie. Nee, die kinders van God sug. Hulle verlang na die volmaakte lewe wat kom. Dit maak van die kinders van God en van die Kerk van Jesus Christus die groot onrusstokers in hierdie wêreld.

“Die kerk ervaar die onvolmaaktheid en lyding en smart in hierdie wêreld die skerpste, juis omdat die Gees ons al reeds ’n nuwe lewe gegee het en ons beloof het om ons van hierdie aardse lewe te verlos van siekte, smarte, trane, ja selfs van die dood. Juis omdat hierdie nuwe lewe wat die Gees ons gegee het, ’n lewe van vrede is, is ons ontuis in hierdie wêreld van twis en tweedrag. Daarom voer die kerk ’n opstand teen hierdie dinge van smart, trane, verwydering, ensovoorts.

“Die Apostel Paulus voel so sterk oor hierdie saak, dat hy selfs sê die skepping ly. Dit wil sê selfs die ganse skepping van God is ontuis in hierdie onvolmaakte wêreld. Die skepping wag met reikhalsende verlange na die volmaaktheid wat aan ons beloof is. Paulus gebruik hier ’n personifikasie, want die skepping kan in werklikheid nie so verlang nie. Dit is beeldspraak. Paulus wil hiermee sê dat die mens as gelowige só moet verlang na die toekoms. Net so min as wat ’n honger dier tevrede kan wees, net so min kan ’n gelowige in hierdie ou wêreld tuis wees.

“As God beloof en sê: ‘Kyk, Ek maak alles nuut’ (Op 21:5) dan is dit sonde om te berus en tevrede te wees. ’n Christen wat tevrede is met hierdie wêreld verloën die belofte dat die Gees nog net die eersteling is (Rom 8:23) en verloën dus ook die belofte dat Jesus by sy wederkoms ’n nuwe aarde sal gee waar geregtigheid sal woon.

“Broers en Susters, ons moet ook let op die geweldige toekomsverwagting wat in hierdie verse opgesluit lê. Nadat ons ’n nuwe lewe, ’n lewe van vrede,

'n lewe vry van die oorheersing van sonde ontvang het, nadat ons deur die Heilige Gees tot kinders van God aangeneem is, sug ons nog met 'n onversadigde verlange na die toekoms en die volle erfenis.

“Alles wat ons reeds deur die Heilige Gees ontvang het, is maar 'n eerste paaient. Broers en Susters, as dit so is, dan moet die erfenis wat nog op ons wag geweldig wees. Dit blyk uit die besondere uitdrukking van vers 26: ‘... want ons weet nie reg wat ons moet bid nie’. Dit beteken nie dat ons in die algemeen nie weet wat om te bid nie. Wie nie weet nie, het nog altyd die Onse Vader om te bid. Maar wat Paulus wil sê, is ons weet nie wat ons oor die toekoms moet bid nie. In vers 26 gaan dit juis oor ons hoop en verwagting vir die toekoms. Ons is gered in hoop en ons wag met volharding op die vervulling van ons hoop (Rom 8:25) en met hierdie versugting gaan ons dan na God. Die gelowige bid: HERE gee ons ons erfenis. HERE vervul u beloftes. HERE kom tog gou. Kom, kom - wat? Hier steek die gelowige vas. Wat bring die HERE werklik? En dan is sy woorde te min. Hy weet nie. Sy woorde skiet te kort. God kan oneindig meer doen as wat ons in ons beperkte woordeskat en insig kan uitdruk. Maar wie weet dan? Die Gees weet, want Hy ken die dieptes van God en wat God ons uit genade skenk. Hieroor môreaand.

“Maar vanaand het ons die troos. Al weet ons nie presies wat ons hoop nie, is dit nie weens onsekerheid of onduidelikheid oor God se beloftes nie. Maar juis omdat ons erfenis so groot en so heerlik is. Dit kan nie in woorde uitgedruk word nie.

“Die ‘onuitspreeklike sugtinge’ (Rom 8:26) het niks met die spreek van tale te doen nie. Nee, dit gaan oor die dinge waarvoor ons werklik min begrip het.

“Gemeente dit beteken dat God se toekoms veel groter is as wat ons, ons kan voorstel. Ons het die versekering dat God se beloftes aan ons vervul sal word.

“Ons moet egter hierdie ‘onuitspreeklike’ toekoms nie verkeerd verstaan nie. Dit beteken nie dat ons geen idee het wat God aan ons gaan gee nie. Of nog erger, dat dit onseker is wat Hy gaan doen nie. Nee. Paulus beskryf al hierdie heerlike dinge duidelik. Hy weet presies. Al wat hy byvoeg is dat dit onuitspreeklik heerlik sal wees. 'n Mens kan jou dit moeilik voorstel, omdat jy so verganklik is. Maar die Gees kan wel. Hy sê vir God wat ons verlang. En God hoor die Gees wat in

ons harte bid en Hy sal ons deur die Gees opwek en deur die Gees sal Hy al die skatte in ons lewe indra.

“Dit laat Paulus uitbreek in ’n heerlike jubellied, waarmee hy sy klassieke preek oor die Heilige Gees afsluit. In Jesus Christus sal God alles in ons verwesenlik. Hier bereik sy lied ’n hoogtepunt: ‘Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?’ (Rom 8:31,32)

“Ons, sy uitverkorenes, wat in die regte verhouding met Hom is, wie se oordeel weggeneem is, is in Hom meer as oorwinnaars.

“Amen.”